JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 25 19 Aug – 26 Aug 2022

SKAAK
Sterkte aan die leerders wat Maandag, 22 Augustus teen Hopetown gaan Skaak speel. Die bussie sal om 12:30 vertrek vanaf die skool.

KRIEKET
Die 0/9 krieket van Dinsdag, 23 Augustus is ongelukkig gekanselleer, aangesien daar nie genoeg spelers is om ‘n span vol te maak nie. Dit is vir ons baie hartseer en hoop ter harte dat daar meer kinders sal begin opdaag vir oefeninge, sodat ons wel ‘n span kan vol maak en later ‘n wedstryd weer kan reël. Die leerders wat wel opdaag sal aanhou oefen.

Baie sterkte aan die 0/11 en 0/13 spanne wat Woensdag, 24 Augustus teen Hopetown wedstryde speel. Die 0/11’s sal op Jakkies se veld speel en die 0/13’s op Landboudal se veld. Beide spanne sal 13:30 begin speel en sal 12:45 verdaag.

Baie sterkte aan ons 0/7 + 0/8 Mini krieketspannetjies wat Donderdag, 25 Augustus in Douglas aan die KFC Mini-Krieket dag gaan deelneem. Bussies sal om 10:00 vertrek en ongeveer 18:00 weer terug wees.

Baie geluk aan die volgende leerders wat in die Xhariep krieketspan opgeneem is:

0/11: MJ Erasmus & Christiaan Wilkinson
0/13: Leo Wilkinson & Adriaan Burger

KRIEKET KLEREDRAG
Ons het besluit dat ons vir eers nie die krieketkouse gaan bestel nie, elke leerder wat reeds betaal het sal Vrydag hul gelde terug ontvang.
<u>Kleredrag vir krieketwedstryde is dan as volg:</u>
Groen sporthempie
0/7 - 0/11 - Swart pt-broek
0/13 - Wit pt-broek
Skool sweetpakbroek (wanneer gekolf word / paaltjiewagter)
Jakkies kouse
Tekkies
Jakkie pet (indien u kind ‘n pet wil ophê)

BUITEMUURS
Net ‘n verandering op die buitemuurse rooster se tye vir ‘n Maandag:
Hokkie (Gr.4-7) : 14:30 – 15:00
Netbal (Gr.4-7) : 15:15 – 16:00
0/11 Krieket : Oefening sal nie meer op ‘n Maandag plaasvind nie, a.g.v die afrigter wat nie op ‘n Maandag daar kan wees nie.
Oefening vind nou plaas op Dinsdae vanaf 14:15 – 15:15.
Woensdae bly dieselfde.

WOW SPELKOMPETISIE
Ons wil graag die volgende leerders geluk wens met hul pragtige prestasie:

Gr.6	***1’ste plek***	***Elmi Brink***
Gr.7	***1’ste plek***	***Marizel Swanepoel***
	4’de plek	***Decoda Kilian***

Ons wens die bogenoemde drie leerders sterkte toe vir die Distrik kompetisie in Bloemfontein op 30 Augustus 2022.

LYS VAN BENODIGDHEDE 2023
Ons het al heelwat navrae gekry van ouers wat wil weet wat hul kind/ers vir volgende jaar sal benodig. Vind dus aangeheg ‘n lys van benodigdhede vir 2023.

KOSHUISMOEDER OP VERLOF
Die koshuismoeder, Charmaine Fourie, is volgende week, Maandag, 22 Augustus tot Vrydag, 26 Augustus op verlof. Ons vra dus dat ouers wat met die koshuis skakel i.v.m. siek leerlinge gedurende hierdie tydperk asseblief op die koshuis se foon moet bel: 060 961 0073.

KONSERT KAARTJIES
Die kaartjies vir die konsert sal van volgende Vrydag af (26 Augustus) by die kantoor (Maritsa: finansies) beskikbaar wees teen R100 ‘n kaartjies. Indien u dalk nog iets wil skenk, kyk gerus op die lys van bestanddele soos dit op verlede week se nuusbrief deurgegee is.

LEERDERS WAT ONTTREK VAN KOMPETISIES
Volgens die skool se gedragskode, wat elke leerder aan die begin van die jaar ontvang en geteken het, verwys (punt 4.12) na leerders wat geleenthede gaan kry om deel te neem aan verskillende aktiwiteite en dat die skool van hulle verwag om hieraan deel te neem.
Die afgelope week is die Streeks WOW spelkompetisie hier by ons skool aangebied. Ons skool was die gasheer wat vir ons ‘n eer en voorreg was, omdat dit altyd by ander skole aangebied word en dan moet ons kinders vroeër uit klasse gaan om groot afstande te ry, kostes aan te gaan en ongerief verduur.
Met dit in gedagte is ons as personeel baie teleurgesteld in ons leerders wat sommer die dag vooraf of die dag met die kompetisie onttrek het. Dit skep nie ‘n goeie beeld van ons skool nie.
Dit was vir ons as gasheer ‘n verleentheid omdat ons skool toe die minste deelnemers gehad het van al die deelnemende skole.
Hierdie leerders wat onttrek het, het van hul maats wat graag wou deelneem die geleentheid ontneem om deel te neem en ook ons skool in ‘n baie swak lig gestel by die Departement van Onderwys.
Ons as ouers moet ons kinders leer dat wanneer jy jouself beskikbaar stel, jy ‘n verantwoordelikheid het om deur te druk en aan te hou tot die einde toe. Onvoorsiene omstandighede is verskoonbaar.
Die bestuurspan sal nou ‘n beleid moet saamstel om leerders en ouers verantwoordelik te hou indien u kind sy/haar verantwoordelikhede ontduik en op so kort kennisgewing onttrek.
Ons hoop van harte dat hierdie ‘n eenmalige voorval was en dat die skool u as ouer en leerder se begrip en samewerking gaan kry in die toekoms.

INA PAARMAN
Baie dankie aan al die ouers wat die Ina Paarman projek ondersteun het. Die totale bedrag van bestellings was R102 513,00 en die totale wins gemaak was R28 191,00.

Die klas in die grondslagfase wat die meeste ingesamel het was Gr.1A en hulle kry elkeen ‘n milkshake geborg deur Blikaspaai. Die klas in die intermediêre fase wat die meeste ingesamel het was Gr.7B en hulle kry pizza by die Vlakvark, waarvan Vlakvark R200 geborg het.
Die leerders wat die meeste ingesamel het, was as volg:
1’ste plek: Hendré Schreuder – Gr. 5A
2’de plek: Leo Wilkinson – Gr. 7B
3’de plek: Elri de Waal – Gr.5B
4’de plek: Deon Scholtz – Gr. 4B
5’de plek: WF Bloem – Gr.3A
6’de plek: Frans van der Westhuizen – Gr. 2B

MENTAL MATHS
Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke verower het in Trompsburg met die Mental Maths:
Karla Rheeder – Gr. 3 – 3’de plek
Louw de Lange – Gr.3 – 3’de plek
Chanlè Jacobs – Gr.4 – 1’ste plek
Louwna Fourie – Gr.4 – 2’ste plek
Elri de Waal – Gr.5 - 1’ste plek
Retana Swart – Gr.5 – 2’de plek
Amber Rheeder – Gr.6 – 4’de plek
Burger Jacobs – Gr.7 – 1’ste plek

Claude Marais en Thenike du Plessis is onder die Top 10.

NAUTILUS
Sterkte aan Luke Langford wat die naweek aan die Nautilus kompetisie gaan deelneem.


.....
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:
Wimpie Muller (‘n boetie ryker geword)
G.J. van Wyk (Oupa oorlede)
Louw de Lange (Stiefoupa oorlede)

BEMOEDIGENDE BOODSKAP

LOSLIT DAG 2022

I celebrate SA with persons with disabilities

Loslit Dag vind plaas op **2 September 2022**, ondersteun asb vir **Jakkies Opwaarts Sentrum** deur 'n plakker te koop **@ R20** per plakker.

JOS is geregistreer by Loslit en onvang dus R9 terug vir elke plakker wat verkoop word, dis deel van ons jaarlikse fondsinsameling.

Tema: Ek vier SA saam met persone met gestremdhede.

Plakkers is beskikbaar by **JOS** en by Danielle in die **Boekstoor**.

LYS VAN BENODIGDHEDE:
2023

GRAAD 1: 2L ROOMYSBAK TE KOOP
Springtou, tennisbal, klei, verf en boontjiesakkie is in die roomysbak verpak. Koste: R150
(Kontak Marinda: 082 689 4892)

TASSE:

Tasse met wieletjies is toelaatbaar.
Tasse moet afskortings hê.

GRAAD 1:
Pennesakkie (nié "Spacecase" nie)
Skerpmaker (met omhulsel/houertjie)
Skêr, liniaal, Pritt, uitveër
4 x HB potlode **per kwartaal** (Staedtler asb. nie éco nie)
2L Roomysbak + 1 x A4 Plastiekkoevert
1 x Flipfile (20 bl) + 4 x flipfiles (10 bl)
1 x A4 Gelinieërde hardebandboek vir huiswerk
Waterverfstelletjie met kwassie
Springtou, tennisbal en boontjiesakkie (gemerk met u kind se naam, hoef nie nuut te wees nie)
Tuisgemaakte klei in 'n houertjie (gemerk)
Stel uitdraaikryte (kw 1 & 2) en inkleurpotlode vir kw 3&4
Lekker dik inkleurboek
Potloodgreep, by die kantoor te koop @ R5 elk

GRAAD 2:
Pennesakkie (nié "Spacecase" nie)
Skerpmaker (met omhulsel indien moontlik)
Skêr, liniaal, 2 x Pritt, uitveër
4 x HB potlode **per kwartaal** (Staedtler)
2L Roomysbak + 1 x A4 Plastiekkoevert
2 x Flipfile (30 bl) + 4 x flipfiles (10 bl)
1 x A4 Gelinieërde hardebandboek vir huiswerk
Waterverfstelletjie met kwassie en plat waterbakkie
Springtou, tennisbal en boontjiesakkie (gemerk met u kind se naam, hoef nie nuut te wees nie)
Tuisgemaakte klei in 'n houertjie (gemerk)
Inkleurpotlode
Potloodgreep, by die kantoor te koop @ R5 elk

GRAAD 3:
Pennesakkie – 30cm (nie 'n "Spacecase" nie)
Metaal potloodskerpmaker met 'n klein houertjie.
Skêr, liniaal (30cm + mm), 2 buisies Pritt, 2 uitveërs
12 x HB potlode. Springtou en tennisbal (gemerk)
30 Plastiese slopies. 1 Pak kleurpotlode. 1 x Flipfile (50 bl)
Waterverfstel met kwassie.
2L Roomysbak (gemerk) met 1 pakkie uitdraai kryte in.
1 x A4 Gelinieërde hardebandboek vir huiswerk (192 bl)
Trek met enige papier oor. Een boks tissues.
1 x A4 deurskynende plastiekkoevert met knippie.
4 x dun A4 plastiese lêers. Manilla. Deurkynende buiteblad.
(1 x geel 1 x groen, 1 x rooi en 1 x blou)
Een pakkie uitdraai kryte in sy verpakking.

GRAAD 4 - 7:

JAKKIE huiswerkboek **(word gratis deur die skool verskaf)**
Pennesakkie of "Spacecase"
Skerpmaker (met omhulsel indien moontlik)
Skêrtjie, **LANG** liniaal (nié buigbaar nie), Pritt en uitveër.
Sakrekenaar **(slegs gr 6 & 7)** en inkleurpotlode
Blou penne. HB potlode of Pacer met punte
1 Gekleurde pen (Helderkleurig en met droë ink/ géén neonkleure of jel penne. Dit moet 'n kleur wees wat nie deur onderwysers gebruik word nie, d.w.s. nié rooi/swart/groen nie)
20 bl. Flipfile vir werksvelle en korrespondensie
Gr 4 en 6:
20 bl. Flipfile vir wiskunde
Meetkundestel (Slegs gr 6 en 7)
Tweetalige woordeboek. (Pharos - aanbeveel!)

Aanbeveling vir graad 4 tot 7 leerders:
Sterk materiaalsakkies om 'n vak se boeke bymekaar te hou. **Nie plastiek nie.**
Beskikbaar by juffrou Elza @ R30 elk. (Keer dat boeke verniel)
Deursigtige liniaal

SWEMDRAG:

LOP-periodes:
Dogters moet 'n **eenstuk** swembroek (enige kleur) aanhê en dogters met lang hare **moet** 'n swempet dra.
Gala: "Jakkies"-swempet vir seuns en dogters verpligtend.

MERK VAN KLERE:

Alle skool- en sportklere, tasse en ander toerusting **moet duidelik gemerk wees**. Leerders neem **self** verantwoordlikheid vir hulle besittings. Personeel van die skool en koshuis neem geen verantwoordelikheid vir verlore goedere nie.

KOSHUISBENODIGDHEDE:

Bybel of dagstukkieboek vir stiltetyd (verpligtend!)
Beddegoed: Verkieslik 'n duvet, paslaken, kussing en sloop.
Beker en waterbottel vir eie gebruik (gemerk)
2 Stelle slotte en sleutels waarvan **1x gemerkte stel slot en sleutel na koshuismoeder moet gaan.**
Noodgeld vir kluis: In gemerkte koevert
Toiletbenodigdhede, Toiletpapier, Skoenpolitoer
Wasgoedsak, kam of borsel (ook die seuns!)
NB: Gemerkte 2L roomysbak met basiese medisyne soos:
Pleisters, hoesgoed, keelseerpille, ACC-200, kopseerpille, maag- en naarmedisyne.
Ou handdoek of mop om badkamervloere mee op te droog. Een besem en skoppie. (Gemerk!)
Dogters moet 'n kamerjas aanhê as hulle studiesaal toe gaan.
Geen kaalvoete in die eetsaal. Dra van plakkies of sandale is verpligtend.
Graad 1-ouers mag elke eerste dag van kwartaal saam met hulle kinders in koshuis beweeg.